

Rondomtalie-toernooi te Vanderbijlpark



Heilbron Dienssentrum se jukskeispan het verlede week 'n rondomtalie-toernooi in Vanderbijlpark gaan speel. Tydens die neem van die foto het die spanlede opgewarm vir die toernooi. Op die foto agter vl: Wyk Cronje, Koos Dreyer, Joggie van Vreden, Sharky Kuhn en Willie van Tonder. Voor: Sylvia Meades.

Huis- & Tuinbouklub
Kersafsluiting

7 November by Marisa van Rooyen
 Pienaarstraat 65 | 10:00

Annari Combrink bring 'n vrolike boodskap om met vreugde Jesus-fees te vier.
 Bring asb elk 'n R30 uitruilgeskenk vir 'n vriendin

- Bestuur 2018

8			9	6	1		
7		1	8		4		
6	3			1	8		
5	2						
			2		6		
						9	2
		5		2		1	6
			3		7	2	5
		4		5	1		8

SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.



Briewe aan:

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell gerig aan die redakteur.

Psalm 103 wat dominee Hans uit die Bybel voorgelees het by die opening van die ouetehuis se basaar, was só van pas by die geleentheid want Hom alleen kom die lof en dank toe, want aan Sy grootheid en Almag is daar geen perke nie.

Saterdag die 27ste kon ons weer sien hoe wonderlik die Here in alles voorsien het. Wat ons ontvang het was net onverdiende Genade, want daar was volop van alles en nog wat. Dit was oorweldigend om al die omgee, bydraes en harde werk te kon belewe. Almal wat die belange van die bejaardes op die hart gedra het het die liefde van die Here uitgeleef. Wonderlik ook dat ons in ons land nog openlik van die Here, mag getuig, vir Sy saak op te kom, en as getuies vir Hom dit uit te leef. Dis nie vir my nodig om almal by die naam te noem wat só met liefde en ywer hulle kant gebring het nie, die persone en instansies is reeds dáár genoem.

Baie dankie aan almal wat hulle bydrae gelewer het om die dag vir ons almal aangenaam te maak het. Al was dit hoe gering, dáár sonder, was daar 'n groot leemte. Die ondersteuning ook van die publiek se kant, was wonderlik. Baie dankie. En was almal in daardie tent só vriendelik! As daar 'n nors ou was, het ek dit nie opgetel nie. Ek kan so ver gaan om te sê, vir my het dit gelyk of almal

Redakteur

die liefde van die Here oorgedra het aan almal. Om liefde en omgee uit te deel, moet 'n leefwyse wees. Alles op die tafels, is na my mening puik gewees. Ai, daar was lekker eetgoedjies! 'n Basaar bly maar 'n lekker byeenkoms, met al die flukse mense! Ek glo die meeste van die inwoners, het toe hulle nog kon, hulle plekke van dienslewering vol gestaan. Hulle hande het ook vir niks verkeerd gestaan. Nou kan daar ook aan hulle gedink word, en beloon word om bederf te word. Dit gaan nie net om geld in te samel nie, maar 'n geleentheid om ook liefde te gee.

Baie dankie, ons waardeer julle. Met dank oorgedra deur Heléne Howell.

Ek wil net ook namens almal, vir Hester Steyn, wat gereeld, as die geleentheid dáár is, die inwoners van Huis Bron-van-Heil, met gitaar-begeleiding, van die inwoners, laat liedere sing. Dis mos 'n wonderlike geleentheid om op daardie manier die Here te loof, en te prys. En daar ná bring sy 'n boodskap van die Here se liefde en genade. En 'n mens kan sien hoe geniet hulle die sang, dit kom uit volle bors!

Baie dankie, dit word waardeer. Ingestuur deur Heléne Howell.

Bestuur vir 2019



Op die foto bo, Huis- en Tuinbouklub se bestuur vir 2019 is as volg: Agter vl: Ina Lombard, Wilna Weilbach, Hester Steyn, Carol Snyman en Gerda Pieters. Foto voor vl: Marlize Swart en Louise van der Westhuizen.

OESVERSEKERING

SMITH & SMITH
 Financial solutions made simple

Kontak ons gerus vir jou Oesversekering behoeftes. Ons het toegang tot al die versekeraars in die mark.

Vir kwotasies kan u Antoinette by 083 228 1815 kontak of per epos op: antoinette@smithandsmith.co.za of besoek ons by die volgende adres:

Smith and Smith
 Winkel Nr 6
 Wentworth Sentrum (Spur Sentrum)
 Heilbron

Ferdie Smith 083 653 8553 | Shirley Smith 083 657 1912

ANDER DIENSTE BESKIKBAAR - AGRI VERSEKERING, MEDIËSE FONDSE, KOMERSIËLE VERSEKERING, LEWENSVERSEKERING, BELEGGINGS